# JUNIOR SECONDARY CERTIFICATE

**AFRIKAANS FIRST LANGUAGE** **1100/3**

PAPER 3 Conversation

Marks 20 **2018**

No additional materials are required.

This document consists of **9** printed pages.

**Republic of Namibia**

**MINISTRY OF EDUCATION, ARTS AND CULTURE**

© MoEAC/DNEA

## AFDELING 1: Gesprek oor voorgeskrewe werk

Hierdie afdeling sal die leerders se vermoë toets om die inhoud en literêre kenmerke van een van die werke wat behandel is, te bespreek.

Die volgende aspekte sal bespreek word:

**(a)** Agtergrond

**(b)** Simboliese betekenis

**(c)** Aanwending van die tyd

**(d)** Karakters

**(e)** Intrige

**(f)** Motiewe van spesifieke karakters

**(g)** Tema

**(h)** Bou van die roman of drama

**(i)** In die geval van ’n gedig: strofebou, beeldspraak

**[10]**

## AFDELING 2: Rolspelsituasies

In dié vraestel word **ses** verskillende rolspelsituasies geskep om die mondelinge vaardigheid van die kandidate te toets.

Hierdie rolspelsituasies kan ook in die klassituasie getoets word. Dit hoef nie noodwendig elke keer die onderwyser te wees wat die rol van: U (as onderwyser) … speel nie. Dit kan twee leerlinge wees aan wie ’n rol toegeken word en hulle dramatiseer die genoemde situasie.

Dit staan onderwysers vry om self te kies hoe hulle hierdie vraestel wil eksamineer. Dit kan tydens ’n gewone lesuur gedoen word of in die middae ná skool. Dit is egter belangrik dat hierdie mondeling so gou as moontlik ná die derde termyn begin het, afgeneem word.

**[10]**

## A Advertensies

Elke tydskrif en TV-kanaal wemel van diëte en maniere hoe om op jou beste te lyk. Word dit oordryf?

**Riglyne:**

- Hoe belangrik is dit vir tieners om in die mode te wees?
- Beïnvloed brandmaer modelle in advertensies tieners se persepsie oor mooi-lyk?
- ’n Mooi voorkoms en skraal liggaamsbou word gemeet aan sukses. Stem jy saam?
- Tieners begin al op ’n jong ouderdom te eksperimenteer met verslankingsmiddels en dieetplanne. Kan dit tot ’n obsessie lei?
- Hoe belangrik is ’n gesonde lewenstyl en gereelde oefening in ’n tiener se lewe?
- Diëte kan tot eetsteurnisse lei. Gee jou mening.
- Watter rol speel tegnologie om jong modelle as die norm vir ’n aantreklike voorkoms uit te beeld?

**[10]**

## B Aardverhitting

Jou (die kandidaat se) gemeenskap se ongeërgdheid ten opsigte van aardverwarming is ontstellend. Bespreek hierdie aangeleentheid met ’n maat (die eksaminator).

**Riglyne:**

- Is leerders by die skool bewus van die faktore wat aanleiding gee tot aardverhitting?
- Dink jy al die leerders by die skool is bewus van die waarde daarvan om die natuur te bewaar?
- Brei uit op die gevolge van aardverhitting wat ons reeds self ervaar, bv. droogtes, wisselvallige reënvalpatrone, temperatuurskommelinge.
- Watter impak het droogtetoestande op die ekonomie van die land?
- Is die mens alleen verantwoordelik vir aardverhitting? Dink ook aan die invloed van die groot moondhede.
- Oorweeg ook moontlike oplossings soos ’n groener leefstyl, alternatiewe energiebronne, bv. sonkrag, branderkrag, windkrag.
- Namibië staar ’n waterkrisis in die gesig. Gesels oor ons groeiende bevolking, onverantwoordelike watergebruik en veranderde weersomstandighede.

**[10]**

## C NASA

Jy (die kandidaat) is in gesprek met dr. Japie van Zyl (die eksaminator). Julle gesels oor die onlangse deurbraak van *NASA* toe *Curiosity* op Mars geland het.

**Riglyne:**

- Watter voordele hou die landing van die *Curiosity* op Mars vir die mensdom in?
- Miljoene rande word deur *NASA* aan navorsing bestee om die argitektuur van die heelal te bestudeer terwyl duisende mense jaarliks sterf a.g.v. armoede. Hoe voel jy daaroor?
- Dr. Japie van Zyl, Namibiër en boorling van Outjo, is aan die spits van die span by *NASA*. Watter voordele hou dit vir Namibë in?
- Watter moontlikhede is alreeds ontdek op Mars? Dink aan enige vorm van lewe, water ...
- Is dit moontlik om in die nabye toekoms ’n gemeenskap op Mars te vestig? (Digte atmosfeer en gebrek aan noodsaaklike lewensmiddele asook die gevorderdheid van tegnologie).
- Wat sê dit van die mens se fisieke en emosionele oorwinnings? Dink bv. aan die aanmoediging vir die span om weer te probeer en beter te doen.

**[10]**

## D Troeteldiere

Mense besef nie altyd wat die gevolge van hulle dade gaan wees as hulle wilde diere mak maak om as troeteldiere aan te hou nie. Jy (die kandidaat) bespreek hierdie aangeleentheid met ’n maat (die eksaminator).

**Riglyne:**

- Die mens se selfsug en drang (begeerte) na aansien kom hier na vore. Lug jou mening.
- Die wreedheid teenoor diere deur hulle in gevangenskap te plaas, lei daartoe dat hulle hul natuurlike habitat verloor, hulle beweging word ingekort, en alternatiewe voeding moet gegee word. Bespreek.
- Wilde diere word mishandel in die proses om hulle te verander na “normale” troeteldiere, bv. naels word getrek om hulle onskadelik te stel.
- Eienaars “vergeet” gerieflik dat hulle verantwoordelik is vir hierdie diere. Waartoe gee dit aanleiding?
- Verwerping van hierdie diere wanneer die nuutheid (nuutjie) verby is. Diere word in die veld vrygelaat, organisasies word genader wanneer eienaars “opgeskeep” voel met hierdie dier.
- Hoe raak dit die staat en belastingbetalers wanneer dit kom by die versorging van hierdie verwerpte diere?
- Moet daar teen eienaars opgetree word wat hulle troeteldiere mishandel en verwerp? Watter stappe kan teen hulle geneem word?

**[10]**

## E Drankmisbruik

Jy (die kandidaat) voer ’n gesprek met een van jou ouers (die eksaminator) oor die skynbaar vrye toegang wat kinders tot alkohol het.

**Riglyne:**

- Waarom wend jong kinders hulle tot drankmisbruik?
- Tot watter mate kan groepsdruk as ’n oorsaak van drankmisbruik beskou word?
- Speel die baie sakgeld wat kinders (tieners) kry, hier ook ’n rol?
- Watter uitwerking het drankmisbruik op die lewe van ’n tiener?
- Hoe raak drankmisbruik die gemeenskap?
- Wat kan gemeenskappe, skole, kerke, ouers, die polisie doen om verligting / oplossings vir hierdie probleem te kry?

**[10]**

## F Steroïde

Om sukses te behaal, moet jy leer om die trappe te gebruik. Daar is geen hysbak na sukses nie, tog val al hoe meer tieners in die slaggat van verbode middels. Jy (die kandidaat) voer ’n gesprek met jou sportafrigter (die eksaminator).

**Riglyne:**

- Wanneer deelname en prestasie vervang word deur die obsessie om te wen.
- Watter negatiewe gevolge hou die gebruik van steroïde in vir die menslike liggaam?
- Wat is volgens jou die waarde van sport vir die menslike liggaam?
- Is die druk wat ouers en skole op hulle kinders plaas om te presteer, gesond?
- Watter invloed kan die verslawing van bekende sportsterre op jong tieners hê? Verwys veral na bekendes soos Lance Armstrong, Joost vd Westhuizen.
- Wat is jou mening oor hoofde wat sport gebruik om hulle skole te bemark?
- Is die ware doel van sport nog van belang in die sekulêre wêreld van vandag?

**[10]**